


# PREEKNOTA

Datum: **29/03/2026**

## 1. Wat doen jy as dit waarvoor jy JA gesê het anders lyk as dit wat jy beleef?

**Palmsondag is een van daardie dae in die Bybel wat amper soos 'n fees voel.**

## 2. Die skare vier Jesus en is opgewonde oor hulle JA vir Hom, maar verstaan Hom nog nie.

*Johannes 12:12–13 (NLV) [12]Op die volgende dag het die groot skare wat vir die fees opgedaag het, gehoor dat Jesus na Jerusalem toe kom. [13]Hulle het die blaartakke van die palmbome geneem en Jesus tegemoetgegaan en dit uitgeskree: "Prys God! Geseënd is Hy wat in die Naam van die Here kom!" en: "Die Koning van Israel!"*
*Die probleem is nie dat hulle nie hoop nie. Die probleem is dat hulle voorskryf hoe daardie hoop moet lyk.*

**Baie van ons het nie 'n probleem met Jesus nie. Ons het 'n probleem met 'n Jesus wat nie volgens ons verwagtinge werk nie.**

## 3. Wat het Jesus gesien wat die skare of ons nie gesien het nie?

*Johannes 12:23–24 (NLV) [23]Jesus reageer toe daarop: "Die uur het aangebreek dat Ek, die Seun van die Mens, verheerlik moet word. [24]Ek verseker julle, as 'n graankorrel nie in die grond val en sterf nie, bly hy net op sy eie bestaan; maar as hy sterf, lewer hy 'n groot opbrengs.*

**Om oor te gee aan God se wil is nie 'n verlies nie, dit is die pad na lewe.**

## 4. Hoe lyk 'n vreeslose JA wanneer jy beheer oorgee aan God?

*Johannes 12:27–28 (NLV) [27]"Nou is Ek hewig ontsteld. En wat moet Ek sê? Moet Ek sê: 'Vader, red My uit hierdie uur'? Tog het Ek juis vir hierdie uur gekom. [28]Vader, verheerlik ú Naam!" Toe het daar 'n stem uit die hemel gekom: "Ek het dit alreeds verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik."*

**Vreesloosheid is nie die afwesigheid van angs nie, dit is oorgawe binne-in jou angs.**

## 5. Wat is die verskil tussen die skare se JA en Jesus se JA?

*Johannes 12:17–19 (DB) [17]Die mense wat gesien het hoe Jesus Lasarus lewendig maak, was ook deel van die groot klomp mense rondom Jesus. [18]Hulle het natuurlik alte gretig vir almal van die wonder vertel wat by Lasarus se graf gebeur het. Dit is tog hoekom die ander mense Jesus kom soek het. [19]Vir die Fariseërs was dit egter slegte nuus. Met die hande in die hare het hulle vir mekaar gesê: "Kyk net wat gaan nou hier aan. Dinge ruk handuit. Al wat leef en beef hardloop agter hom aan!"*

**Jesus sê nie JA vir gemak of Sy idee nie, Jesus se JA vir die Vader en kies die missie.**

**Skare se JA in emosie hou net vir 'n oomblik, Jesus se JA in gehoorsaamheid dra ewige lewe.**

## 6. Watter soort JA gaan jy dra, die skare se JA of Jesus se JA?

**Jesus wys: om oor te gee aan God se wil is nie om jou lewe te verloor, in die sin van sinloosheid, nie. Dis om JA te sê om jou lewe in die hande van 'n goeie Vader te plaas en ware sin vir jou lewe te ontdek.**

Dienste word aanlyn uitgesaai op Facebook en YouTube
asook op **IFM 102.2** en via klankstroom op www.ifmradio.co.za / www.kg.org.za

**KONTAKPERSONE:**

**Gemeentepredikant:**
MARIUS MALAN - 016 004 0016
marius@kg.org.za

**Gemeentebestuurder:**
RIAAN PELSER - 082 775 7147
riaan@kg.org.za

**PREDIKANTE:**

**TOMMIE ARPIN**
082 342 6245 I tommie@kg.org.za

**JONATHAN MÜLLER**
064 658 6636 I jonathan@kg.org.za

**EDOHAN BURGER**
084 570 0669 I edohan@kg.org.za

**LUCAS NIEMAND**
083 233 4000 I lucas@kg.org.za

Hoek van **Ravel**- en **Abrahamstrate**
**Mantevrede, Vanderbijlpark**
**016 004 0016 / navrae@kg.org.za**

**KONTANTLOSE BYDRAES**

**BANKBESONDERHEDE:**
Kompas Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62609813846
Takkode: 250 655